
# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 11: 12 April 2024



BELANGRIKE INLIGTING:


| | |
|---|---|
| Datums | Bl. 3 |
| Boekuitstalling | Bl. 7 |
| Top 10 Akademie | Bl. 8 |



# Uit die kantoor

- Oranje se 117 de verjaarsdag is verlede Vrydag luisterryk by die Vrouemonument gevier. Oud-Oranjes van oor die hele land en oorsee het die naweek se verjaarsdagvieringe bygewoon saam met die Oranje-meisies en personeel.
- Mev. Linda de Jager (Smith), hoofdogter 1979, het die verrigtinge geopen met skriflesing en gebed. Mev. Corize van Rensburg (Strydom), hoofdogter 1994, was die spreker van die oggend. Verskeie kranse is deur die verskillende Oud-Oranjes se jaargroepe gelê. Mila Barratt, hoofdogter van die laerskool, het 'n krans namens die laerskool op pres. Steyn se graf gelê. Mari Nortje, hoofdogter van die hoërskool, het 'n verjaarsdagboodskap gelewer.
- Sondag is die verjaarsdagvieringe met 'n kerkdiens gelei deur ds. René Wessels, matriek 2014, in die Klipkerk afgesluit. Die seniorkoor o.l.v. mnr. Werner Stander het saam met die hoërskoolkoor tydens die diens opgetree en pragtig gesing.
- 'n Groot dankie aan mevv. Elize Jacobs en Madelize Bolton wat die funksie by die Vrouemonument vir die Oud-Oranjes gereël het.
- Ons hou hierdie kwartaal weer Spelkompetisie. U dogter het hierdie week 'n Spelkompetisiebrief en borgvorm ontvang.
- Baie dankie aan al ons ouers wat die oueraand en ouermiddag bygewoon het. Indien daar ouers is wat nog probleme ondervind, is u welkom om met u dogter se onderwyseres te skakel en 'n afspraak te maak.
- Baie geluk aan al die netbalspanne wat verlede Saterdag en gister teen Fichardtpark netbal gespeel en pragtig presteer het.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 12 April: | Juf. Carmen verjaar<br>Ouermiddag: koshuisouers<br>Seniorkoor oefenkamp 18:00 - 20:00<br>Paribas Rising Star tennis |
| 13 April: | Seniorkoor oefenkamp 09:00 - 13:00<br>Paribas Rising Star tennis |
| 15 April: | Juf. Christine verjaar<br>IF: Detensie<br>Oppie Tong af Redenaars: Aanlyn |
| 16 April: | Voedselprojek Gr. 1A<br>IF: Detensie<br>Oppie Tong af Redenaars: Aanlyn<br>Motheo Netbalproewe: o.12 & o.13 Fichardtpark Groep 1 |
| 17 April: | IF: Detensie<br>IF: Beloningsdag<br>Oppie Tong af Redenaars: Aanlyn |
| 18 April: | Tannie Beneli verjaar<br>Voedselprojek Gr. 1B<br>IF: Detensie<br>Boekuitstalling: Sportlokaal<br>Musiek: Pousekonsert<br>SA Skole swemkampioenskap<br>Oppie Tong af Redenaars: Aanlyn<br>Netballiga 2: OMS vs Onze Rust |
| 19 April: | IF: Detensie<br>Boekuitstalling: Sportlokaal<br>Netbal: Mininetbal o.7 - o.10 Bloemfontein Laer<br>SA Skole swemkampioenskap<br>Oppie Tong af redenaars: Aanlyn<br>Motheo Netbalproewe o.12 & o.13 Fichardtpark Groep 2 |

# Laser-Run

Die volgende dogters het op 7 April aan die Suid-Afrikaanse Laser Run kampioenskap in Stellenbosch deelgeneem en soos volg presteer:

o. 10
Lea Cilliers 2de
Z'Ney Piechaczek 4de
Tené Venter 5de

o. 15
Chani Britz 7de

# Tennis

Tshidi Venter het op 5 en 6 April aan die Kloppers Tennistoernooi deelgeneem en behaal 'n 3de plek in die enkels en die dubbels vir dogters o. 14.

# Netbal

Die meeste van Oranje se A– tot D-spanne van elke jaargroep het op Saterdag, 6 April, aan 'n netbaldag deelgeneem by verkskeie skole regoor Bloemfontein.

Oranje speel altesaam 107 wedstryde waarvan ons 86 wen, 10 gelykop speel en slegs 11 verloor.

Dankie aan elke juffrou en afrigter wat haar tyd opgeoffer het om die dogters te vergesel.

Baie geluk aan elke span wat deelgeneem het! OMS is trots op julle.





# Netbal

Ligawedstryde OMS vs Fichardtpark, 11 April:

| SPAN | UITSLAG | OMS | FICHARDTPARK |
|---|---|---|---|
| o.7A | Wen | 5 | 3 |
| o.7B | Wen | 2 | 0 |
| o.7C | Wen | 2 | 0 |
| o.7D | Wen | 2 | 0 |
| o.7E | Verloor | 1 | 2 |
| o.7F | Verloor | 0 | 1 |
| o.8A | Wen | 11 | 3 |
| o.8B | Wen | 5 | 0 |
| o.8C | Wen | 6 | 2 |
| o.8D | Wen | 2 | 0 |
| o.8E | Verloor | 2 | 3 |
| o.8F | Gelykop | 1 | 1 |
| o.9A | Wen | 7 | 6 |
| o.9B | Wen | 2 | 1 |
| o.9C | Wen | 5 | 0 |
| o.9D | Wen | 6 | 0 |
| o.9E | Verloor | 0 | 1 |
| o.9F | Verloor | 0 | 1 |
| o.10A | Wen | 15 | 2 |
| o.10B | Gelykop | 3 | 3 |
| o.10C | Wen | 8 | 0 |
| o.10D | Wen | 11 | 0 |
| o.10E | Wen | 7 | 1 |
| o.11A | Wen | 16 | 7 |
| o.11B | Verloor | 5 | 7 |
| o.11C | Wen | 12 | 9 |
| o.11D | Wen | 10 | 0 |
| o.12A | Wen | 13 | 3 |
| o.12B | Wen | 18 | 9 |
| o.12C | Wen | 22 | 4 |
| o.12D | Wen | 4 | 0 |
| o.13A | Verloor | 18 | 20 |
| o.13B | Wen | 13 | 5 |
| o.13C | Wen | 23 | 7 |
| o.13D | Verloor | 5 | 7 |

Wedstryde gespeel: 35
Wen: 25
Verloor: 8
Gelykop: 2



# Sport




# Dans

Die volgende dogters het op 6 April aan die Phoenix Championship in Johannesburg deelgeneem en soos volg presteer:

| | | |
|---|---|---|
| Roselynn van Niekerk: | | |
| 8 tot 9 jaar | Prem Champ Solo | 1ste |
| 8 tot 9 jaar | Prem Champ Slow | 1ste |
| 12 jaar en jonger | Champ Disco Solo | 2de |
| 12 jaar en jonger | Champ Disco Slow | 3de |
| 11 jaar en jonger | Juvenile Champion | 6de |
| Skylé-Anne Jansen van Rensburg: | | |
| 10 jaar en jonger | Girls Championship Slowdance | 4de |
| 10 jaar en jonger | Girls Championship Solo | 7de |
| 12 jaar en jonger | Amateur Disco Slow | 3de |
| 12 tot 15 jaar | Freestyle Couples Championship | 3de |
| Milan Brandt: | | |
| 12 jaar en jonger | Amateur Disco Slow | 1ste |
| 12 tot 15 jaar | Freestyle Couples Championship | 3de |

# Radikale Redenaars

Die volgende dogters dring deur na die radikale redenaars se streeksfinaal wat op 4 Mei plaasvind:

Emma Odendaal Gr. 2
Afrikaans Moedertaal redenaars

Nea Cloete Gr. 3
Afrikaans Moedertaal redenaars
Lees - Prosa

Z'ney Piechaczek Gr. 4
Lees – Prosa


Emma Jacobs Gr. 4
Lees - Prosa

Mia Jacobs Gr. 6
Lees - Prosa
Reading - Prose

Baie geluk aan Nea Cloete wat vir English First Additional Language deurdring na die Nasionale finaal op 19 Oktober.

# ATKV DigiSPEL

Lika Claassens het aan die Nasionale ATKV DigiSPEL kompetisie deelgeneem, wat op 24 Maart geëindig het. Sy behaal 'n punt van 97.37% en word as wenner en beste speller aangewys in die Kategorie: Afrikaans Huistaal.



# Kultuur

# Oranje vier 117 jaar

Oranje Meisieskool het haar 117de verjaarsdag op 5 April by die Vrouemonument gevier. Dit bly 'n ongelooflike kosbare en spesiale funksie vir elke dogtertjie, onderwyser en Oud-Oranje! Oud-Oranjes kom van regoor die wêreld om hierdie feesvieringe by te woon.










# Omgewingsvasvrae

Op Woensdag, 10 April, het 20 dogters Oranje verteenwoordig by die eerste rondte van die Omgewingsvasvrae wat op Naval Hill plaasgevind het. Mev. Elmarie Roos het hulle vergesel. Die onderwerp dié jaar is "Global warming". Die volgende 5 spanne het Oranje verteenwoordig:

Span 1: Emma Myburgh
Lilly-Rain Barratt
Mia Jacobs
René du Plessis

Span 2: Kaylin Hanekom
Milan Rehbock
Adriana Burger
Gabi Forster

Span 3: Mia Gericke
Engela Loock
Livia Gutter
Skyle-Anne Janse van Rensburg

Span 4: Mieke Venter
Amelie Loots
Tatiana Oostuizen
Amy Dormehl

Span 5: Wilmi Strauss
Hestie Nel
Minke Steyn
Lily Schutte






# Algemeen

# KINDERBOEK-UITSTALLING

18 en 19 April 2024
08:00 tot 14:00
Oranje sportlokaal

**M&M Boekhandel**

**Kaart masjien beskikbaar. Kontant is ook welkom.**

**Pryse wissel min of meer tussen R90 tot R150 per boek.**

***Bestellings is welkom.***

Dogters sal 18 April in skooltyd deurstap.
Registerjuffrou sal die klasse vergesel.
Ouers is welkom om self te kom kyk.

# Top 10 Akademie

## C&N PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE

*Kwartaal 1*

**GRAAD 4**



1. Lila Myburgh 93.17%
2. Tené Venter 90.33%



3. Emma Jacobs
4. Illzé-Marie Basson
5. Melienke Hoek
6. Danielle van Eeden



7. Maya Pienaar
8. Mikela Kritzinger
8. Kara Pienaar
10. Ava Beukes

## C&N PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE

*Kwartaal 1*

**GRAAD 5**



1. Almy Wessels 93.00%
2. Chloë Smith 91.17%



3. Nina Peyper
4. Dienie Hardie
5. Katelyn Beukes
5.Kriselie Potgieter



7. Jana Nel
8. Mila Williams
9. Alanie van Biljon
10. Sophia Prinsloo

## C&N PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE

*Kw. 1*

**GR. 6**



1.Emma Myburgh 95.50%
2.Adriana Burger 93.83%
3. Kaylin Hanekom



3. Mia Jacobs
5. Mia Gericke
6. Engela Loock
7. Marié van Wyk



8. Lilly-Rain Barratt
9. Wilmi Strauss
10. René du Plessis
10. Milan Rehbock

## C&N PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE

*Kwartaal 1*

**GRAAD 7**



1.Lika Claassens 93.33%
2. Corli Marx 92.44%



3. Ellené van Zyl
4. Nnuna Lisene
5. Mila Barratt
6. Bella Daffue



6. Lika Linde
8. Dinette van Niekerk
9. Carli du Plessis
10. Carolien Hattingh



Wees sterk, wees vriendelik, wees opreg en wees eg.
Doen dinge wat jou trots maak op jouself.
Omring jouself met mense wat jou beste eienskappe na vore bring, en distansieer jouself van die mense wat die teenoorgestelde doen.

Wees getrou - getrou aan jouself en getrou aan jou waardes.
Staan op vir jouself en glo in jouself.
Omhels jou onvolmaakthede, vier jou sterkpunte en leer uit jou mislukkings.
Aanvaar die feit dat wanneer jy groei, jy soms mense verloor. Aanvaar die feit dat nie almal in jou sirkel aan jou kant is nie.

Maar die belangrikste, moet nooit, ooit dat enige persoon jou laat voel jy is nie genoeg nie.
Jy is jy, en dit is genoeg.

~ Liefdeskroon ~

## Lief en Leed

Ons dink aan Ilé Lombard en haar familie met die afsterwe van haar ouma.

## Lief en Leed

Baie geluk aan juffrou Mia wat die vakansie getroud is. Ons bid julle 'n geseënde huwelik gevul met baie liefde en geluk toe!



## Lief en Leed

Ons dink aan Nina Theron en haar familie met die afsterwe van haar oupa.




# Advertensies

# KOEK-VERKOPING



## KOM ONDERSTEUN DIE GRAAD 3'S

26 APRIL 2024
ORANJE SPORTLOKAAL
PRYSE: R5-R10
GROOT VERSKEIDENHEID VAN KOEKE EN HEERLIKE BEDERFIES
TYDENS POUSE